

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Dit is hoe dit is

Sekere gebeurtenisse het 'n radikale, ingrypende effek op 'n mens se lewe. Soos die dood van iemand naby aan jou. Of as 'n brand al jou persoonlike besittings vernietig. Daarvan sê Prediker (11:3): 'as die wolke vol reën is, giet hulle dit uit op die aarde; en as 'n boom na die suide of na die noorde val, op die plek waar die boom val, daar bly hy lê'. Wolke word nie gekeer om reën op die aarde uit te giet nie, en 'n boom word nie gekeer wanneer dit val nie. Uiteraard nie. Dit wat die Skepper in sy skepping doen is onkeerbaar. Dikwels ook onomkeerbaar. Die reën wat geval het, kan nie in die wolke teruggesit word nie.

Dit is merkwaardig dat die onomkeerbare werk van God die Skepper soms ook op die mens van toepassing gemaak word. Van tyd tot tyd word dit in die kerklike lewe gesê dat 'n saak onomkeerbaar is. Besluite word geneem en uitgevoer, wat nie 'teruggedraai' kan word nie.

In 'n onlangse debat oor die wel of nie gebruik van kelkies by die nagmaal voer 'n ouderling aan dat die kerkraad se besluit om saam met die beker ook van kelkies gebruik te maak, onomkeerbaar is. Want, so sê hy, wat van die twintig persent

lidmate wat reeds aan die kelkies gewoond is? Hulle sal mos van die kerk verdryf word as die kerkraad skielik sou besluit om voortaan nie meer kelkies saam met die beker by nagmaal beskikbaar te stel nie.

Dieselfde geld vir die vrou in die besondere amp. Met dié dilemma het Nasionale Sinode 2006 geworstel. Die sinode bevind dat 'n vorige sinodebesluit insake die vrou in die besondere amp nie geldig is nie. Die vrou kan na regte dus nie in die besondere amp dien nie. Maar wat gemaak met die vrouens wat reeds in die amp bevestig is, en – so word getuig – met groot seën en vrug daarin dien? 'n Moeilike vraagstuk. By wyse van toegewing besluit die sinode om die betrokke vroue toe te laat om in die besondere amp te bly dien totdat 'n volgende sinode aan die hand van Skrifstudie uitsluitel oor die saak kan gee.

Die punt van ooreenkoms tussen die twee genoemde sake is ooglopend. Die besluit om kelkies saam met die beker by die viering van nagmaal te gebruik, het in die oë van heelparty mense 'n onomkeerbare effek. So ook die besluit om vroue tot die amp van diaken verkiesbaar te stel. Aan die kelkie op die nagmaalstafel en

die vrou in die diaken-amp kan niks verander word nie. Dit is hoe dit is.

Die vraag is uiteraard: is dit werklik so? Kan mense besluite neem wat onomkeerbaar is? In alle eerlikheid moet gesê word dat sekere besluite en optredes verreikende gevolge inhou. Dit het 'n onkeerbare effek. Maar dit sê nog nie dat die saak waaroor 'n besluit geneem is onomkeerbaar is nie. Indien dit die geval was, sou bekering en reformasie slegs mooi klinkende woorde in 'n woordeboek wees.

Heel beslis kan 'n kerkraad sy besluit oor kelkies omkeer. Heel beslis kan die besluit oor die verkiesbaarheid van vroue tot die besondere amp ongeldig verklaar word – sonder om 'n uitsondering te skep deur sekere vroue toe te laat om wel in die amp te bly dien. Maar dit verg radikale reformasie. As op grond van die Skrif bevind word dat 'n saak vasstaan, moet daar bekering kom – en nie geredeneer word dat 'n saak nou maar eenmaal is soos wat dit is nie.

Daar kan in die kerke te maklik aan die gevoel van mense toegegee word, en te min na die

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Dit is hoe dit is
- 2 Skrifoorndenking
Moet vroue dan altyd swyg?
Ds SD Snyman

- 4 Aktueel
Nie apokrief, wel valse geskrifte
Dr AH Bogaards
- 6 Kerkerf
Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-1619
Ds HLJ Momberg

- 9 Rekenaar en Internet
Bibleworks 7
Dr AH Bogaards
- 11 Persskou
Leer om te voel
Dr GJ Meijer

wil van die Here geluister word. Dit gebeur trouens nie alleen in die kerke nie, maar ook in die persoonlike lewens van mense. Verlos wees in Christus beteken

egter dat ons nie so gemaak en so laat staan is nie. Christene word geroep om hulle verlossing daadkrachtig uit te leef. Dit verg soms groot offers. Bo alles verg

dit selfverloëning en absolute gehoorsaamheid aan die wil van die Vader in die hemel.

GJM

Skrifoordenking

Ds SD Snyman, Pretoria-Magalieskruin

Moet vroue dan altyd swyg?

Lees: 1 Korintiërs 11:2-16 en 14:26-40

Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.

Die antwoord op die vraag in die opskrif is natuurlik 'nee'! Dat vroue glad nie in die kerk mag praat nie, is 'n opinie wat jy net by baie eensydige Skrifverklaarders hoor, óf by opponente wat Bybelgetroue Skrifverklaarders ten onregte van so 'n standpunt beskuldig.

Die sogenaamde 'swyggebod', wat sê dat vroue in die gemeente moet swyg, het al baie mishandeling verduur. Teoloë wat nie daarvan hou nie het redes gaan soek waarom dit nie in die Bybel hoort nie. Ander het dit, soos die opdrag oor die hoofbedekking in hoofstuk 11:10, as 'n tydgebonde bepaling gaan afskryf. Aan die ander kant is daar ook dié wat dit as die een en al oor die plek van die vrou in die kerk hanteer. Op dié manier is vroue elke vorm van sprekende deelname by samekomste van die gemeente ontsê.

Reg gesien is 1 Korintiërs 11:34 egter 'n beperkte beperking wat die Here aan die optrede van vroue stel. Daaraan moet ons ons almal onderwerp as deel van ons gehoorsaamheid aan die Here. Hy het immers die reg om self te bepaal hoe Hy gedien moet word.

1 Korintiërs 11:2-16

In 1 Korintiërs 11 en 14 is die Heilige Gees deur die apostel Paulus besig om die kerklike lewe te orden.

In 1 Korintiërs 11 moet 'n mens die 'klein' saking van 'n hoofbedekking

vir die vroue in die lig van die groot orde van God sien. Die groot orde is dat in 'n bepaalde sin God die hoof van Christus is, Christus die hoof van die man, en die man die hoof van die vrou. Dit is ook deel van hierdie orde van God dat die man eerste geskep is en die vrou daarna, ter wille van die man.

Die hoofbedekking

Hierdie orde wat God daargestel het, moet nou in die gemeentelike lewe praktiese erkenning kry. Een manier waarop dit destyds erkenning gekry het, was dat vroue met 'n hoofbedekking op in die gemeente moes bid of profeteer. Let op dat dit nie 'n kwessie was of vroue in samekomste van die gemeente toegelaat was om te bid of profeteer nie. Vroue word, net soos mans, deur die Heilige Gees met allerhande geestelike gawes toegerus. So word sommige vroue, soos sommige mans, met die gawe om die Woord van God tot bemoediging van medegelowiges te kan uitleë, toegerus (1 Korintiërs 14:3). Wanneer sy hierdie gawe ontvang het, mag en moet sy dit dan, binne die perke wat in die Woord daarvoor gegee word, beoefen. Wanneer sy dit doen, moet sy egter steeds wys dat sy haar man se hoofskap erken en so God se orde respekteer. In die tyd van hierdie skrywe van die apostel aan die Korintiërs, het 'n vrou dit gedoen deur haar hoof te bedek.

Vandag vervul 'n hoofbedekking nie meer hierdie funksie nie en daarom oordeel die meeste gereformeerde Skrifverklaarders dat 'n vrou vandag nie meer iets op haar kop hoef te dra as teken dat sy haar man se gesag (1 Korintiërs 11:10) erken nie. Die orde van God moet egter steeds

gehandhaaf en erken word – in elke kultuur en tydperk en situasie. Dit sal waarskynlik in ons tyd moet blyk uit die manier waarop die vrou haar ten opsigte van haar man gedra (byvoorbeeld haar 'lyftaal' wanneer hulle aan die gemeentelike lewe deelneem) en uit hoe sy met hom en voor hom en selfs van hom praat. Dit sal ook blyk uit wanneer sy praat en wanneer sy stilbly.

Nie minderwaardig nie

Die feit dat die Here deur sy apostel reël dat vroue steeds die orde tussen man en vrou wat Hy daargestel het, moet erken, beteken glad nie dat die vroue in die gemeente van daardie tyd minderwaardig geag was nie. Dit gaan in hierdie reëling glad nie oor die 'waarde' van mense voor God en ten opsigte van mekaar nie. Dit gaan oor hoe ons, in lyn met God se orde vir die menslike geslag, in die kerk moet optree.

1 Korintiërs 14:26-40

Wie Skrif met Skrif vergelyk, sal dadelik besef dat 1 Korintiërs 14:34 onmoontlik alle spreke van vroue in die kerk verbied. Die Here maak deur sy Gees tog ook die vroulike lidmate profete (Handelinge 2:17; 21:9). Daar is ook in die kerklike lewe omstandighede en situasies waarin vroue mag en móét praat (Kolossense 3:16; Titus 2:3-5). Ons kan 1 Korintiërs 14 nie hanteer asof hierdie verse dit wat in 1 Korintiërs 11:5 gesê is, kanselleer nie. Hier is dit dus 'n spesifieke soort praat wat die vroue verbied word.

In 1 Korintiërs 14:26 en volgende gaan dit oor die geestelike gawes van spreek in tale en profesie. Die Here

gee dit aan lidmate in sy gemeente wanneer Hy dit nodig ag (12:11). Dit mag egter nie sonder enige beperking in die gemeente uitgeoefen word nie. In verse 27-28 word daar beperkings geplaas op die beoefening van die gawe van spreek in tale. Daar mag byvoorbeeld net twee of drie in tale praat, en net wanneer iemand dit ook vir hulle uitleë. In vers 29 word reëlings vir die uitoefening van die gawe van profesie gegee. Die eerste een, dat meer as een profeet geleentheid kan kry om te praat, word in verse 30-31 verder toegelig. Die ander reëling, dat dit wat die profete sê, beoordeel moet word, word van vers 32 af verder verduidelik. As deel van hierdie verduideliking rakende die beoordeling van profete, word vroue verbied om te praat.

In lyn met die res van die Skrif

Wanneer die hele Bybelse lyn van die verhouding tussen man en vrou in berekening gebring word, is hierdie verbod nie vreemd nie. Beoordeling is 'n vorm van gesagsuitoefening, van toesig, van regering. Juis hierdie funksie is in die verhouding tussen man en vrou in God se welbehae aan die man toegesê. Wanneer die vrou

dus in die gemeente gaan deelneem aan die beoordeling van profesieë, gaan dit haar ten opsigte van die man in 'n regeer-posisie bring. En – so het 1 Korintiërs 11 al gewys – hierdie orde wat God tussen man en vrou bepaal het, moet ook in die kerklike lewe erkenning kry. Die 'wet' waarna 14:34 verwys en wat bepaal dat vroue onderdanig moet wees, verwys na die orde van God ten opsigte van man en vrou, soos dit onder andere in Genesis 2-3 geopenbaar word. Die 'wet' is in hierdie hoofstuk 'n verwysing na die Ou Testament (vergelyk byvoorbeeld vers 21, waar 'n aanhaling uit die boek van die profeet Jesaja as deel van die 'wet' genoem word). In 1 Korintiërs 11:34 word vroue dus nie elke vorm van praat verbied nie, maar sy word verbied om in die kerk 'n sê te kry wat haar Godgegewe plek ten opsigte van die man in gedrang gaan bring.

Só gesien klop die reëling in 1 Korintiërs 14:34 met 1 Timoteus 2:11-12, waar die Here vroue weereens deur sy apostel verbied om ten opsigte van die man in 'n lerende of regerende hoedanigheid op te tree. Ook dáár word die Godsopenbaring in Genesis 2-3, soos dit man en vrou raak, as motivering gebruik.

Maak hierdie beperking die vrou minderwaardig? Natuurlik nie, net so min soos wat ander beperkings wat God op kinders van Hom lê, hulle minderwaardig maak. Al die mans in die kerk, wat nie aan die vereistes vir ouderling of diaken beantwoord nie, is tog nie minderwaardig nie. Die feit dat 'n man in 'n huwelik sy vrou se lewe en geluk bo sy eie moet ag, wat in die praktyk geweldige beperkings op sy optrede plaas, maak hom nie voor die Here minder werd as sy vrou nie. Wie sou wou redeneer dat jongeres in die kerk minder as oueres werd is, omdat hulle aan die oueres onderdanig moet wees (1 Petrus 5:5)?

Wie die genade gegee is om die Here te ken, lief te hê en te vertrou sal aanvaar dat selfs opdragte, wat in ons 21ste eeuse ore vreemd klink, vol van die wysheid en goedheid van die Here is. Die plek wat die Here vir jou as man of vrou in sy skepping en in sy kerk gee, behoort in elk geval vir elke mens 'n ereplek te wees.

'n Gehoorsame kerk

In 'n kerk wat al die gegewens van die Bybel oor die plek en rol van die vrou in die kerk in berekening bring, ook hierdie opdrag van die Here in 1 Korintiërs 14, sal vroue volop geleentheid hê om hulle Godgegewe gawes tot nut en saligheid van medegelowiges aan te wend. Hulle sal deur mans geëer word as mede-erfgename van die lewe wat die Here Jesus Christus aan die kruis vir ons verdien het. Hulle dienswerk op talle maniere en terreine sal deur die gemeente erken en waardeer word, soos wat die apostel Paulus dit openlik en 'amptelik' in sy briewe gedoen het. Die vroue sal gewillig, uit gehoorsaamheid aan die Here, wys dat hulle die hoofskap wat die Here aan die man gegee het, ook in die kerk erken en wil handhaaf.

In so 'n kerk sal daar 'n harmonie en vrede wees, wat die wêreld nie sal verstaan nie, maar tog sal moet bewonder.

So 'n kerk sal 'n liggaam van Christus wees wat optimaal effektief funksioneer.

So 'n kerk sal ervaar: in die onderhouding van die verordeninge van die Here is groot loon (Psalm 19:12).


GALASIËRS

Jesus Christus alleen
deur dr Attie H. Bogaards



Dit is 'n teks-vir-tekse verklaring van die brief van Paulus aan die Galasiërs. Deur die eeue heen was die leerstuk van die regverdigmaking deur die geloof alleen die teken van Satan se aanslag. Dit is ook juis in Galasiërs in die geding: die mens wat 'n streep wil trek deur die *alleen*, deur die geloof alleen, deur Christus alleen. Galasiërs trek egter 'n dik streep deur die mens se pogings om 'n bydrae tot sy eie saligheid te lewer. Daarteenoor onderstreep dit die evangelie van Jesus alleen.

Hierdie kommentaar – die eerste in die reeks 'Verklaring van die Heilige Skrif' – is 'n uitgawe van Die Boekuitgewers.



142 ble, harde band.
Die prys is R85 + posgeld

Bestellings aan:
Folmer Boekhandel

Pretoria tak
Laseandralaan 115
Moregloed, 0186
Posbus 26489, Gezina, 0031
Tel/Faks: 012 333 8064
E-pos: freekvdm@mweb.co.za

Kaapstad tak
Bondstraat 7, Oakdale
Bellville, 7530
Posbus 1453, Sanlamhof, 7532
Tel: 021 948 5883
E-pos: folmerboek@telkomsa.net

Nie apokrief, wel valse geskrifte¹

Die sogenaamde Nuwe Testamentiese ‘apokriewe’

Buiten die Ou Testamentiese apokriewe, wat in ‘n vorige uitgawe bespreek is, is daar ook boeke wat bekend staan as Nuwe Testamentiese apokriewe. Van hierdie boeke is in die laaste jare sterk in die nuus. Eers was dit *Die evangelie van Thomas* en die jongste is *Die evangelie van Judas*. Ons moet egter liever nie praat van apokriewe nie, maar eerder van pseudepigrawe. Die woord pseudepigrawe beteken valse geskrifte. Die rede vir dié onderskeid sal in die vervolg aangetoon word.

Waarin die ‘valse geskrifte’ verskil van die Ou Testamentiese apokriewe

Hierdie Nuwe Testamentiese valse geskrifte verskil in drie opsigte van die Ou Testamentiese apokriewe.

- Eerstens het ons in die geval van die pseudepigrawe geen vaste of duidelik omlinnde getal boeke nie. Terwyl daar ‘n vaste lys van 14 boeke ten opsigte van die Ou Testamentiese apokriewe bestaan, is daar ‘n hele menigte Nuwe Testamentiese pseudepigrawe, wat met nuwere opgrawings en ontdekkings steeds groei. Hierdie pseudepigrawe sluit ‘n groot verskeidenheid boeke uit die tweede tot ongeveer die vyfde eeu in, wat naas en rondom die Nuwe Testament hoofsaaklik in sektaries-christelike kringe ontstaan het. Hulle is meestal onder ‘n valse naam, van ‘n apostel of geëerde historiese persoon, uitgegee. Onder die valse geskrifte kry ons – na analogie van die Nuwe Testament – evangelies, handelinge, briewe en openbaringe.
- ‘n Tweede verskil met die Ou Testamentiese apokriewe is dat

geen christelike kerk die Nuwe Testamentiese pseudepigrawe as kanoniek aanvaar nie. Daar was nooit stryd in die kerk oor die vraag of hierdie pseudepigrawe of sommige van hulle in die Bybelse kanon opgeneem moes word nie. Só eenparig is hulle afgewys dat die belydenisskrifte van die Hervorming dit byvoorbeeld nie eens nodig ag om iets daaroor te sê nie. Daarenteen doen die belydenisse dit wel ten opsigte van die Ou Testamentiese apokriewe.² ‘n Voorbeeld is artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

- As derde verskil tussen die Ou Testamentiese apokriewe en hierdie pseudepigrawe kan genoem word dat die Ou Testamentiese apokriewe meestal heel stigtelike lektuur is, terwyl die meeste Nuwe Testamentiese pseudepigrawe blote versinsels en grootlikse kettery is.

Tog moet onthou word dat baie van hierdie geskrifte nie-amptelik ‘n geweldige invloed in die Rooms Katolieke Kerk – veral in die Middeleeue, maar ook tot vandag – uitgeoefen het. Dit blyk duidelik uit hulle leer aangaande die *limbus patrum* en hulle Maria-verering. Wat betref Rome se leer aangaande die *limbus patrum*: hulle leer dat die siele van die vromes wat in die ou bedeling ontslaap het, nie na die hemel gegaan het nie. Hulle het in ‘n soort voorportaal van die hemel gekom, die sogenaamde *limbus patrum*. Daar het hulle nog nie die saligheid geniet nie, omdat Christus nog nie sy werk volbring het nie. Christus se neerdaling na die hel verklaar Rome dan so: terwyl Christus wat sy liggaam betref in die graf was, was Hy na sy siel in die hel gewees. Hy het ‘n triomftog gehou na die demonewêreld, na die ryk van die duiwel, en Hy het die siele van die gelowiges wat tydens die ou bedeling ontslaap het, uit die *limbus patrum* na die hemel of paradys gevoer.

Hierdie leer van die *limbus patrum* het sy oorsprong in die *Evangelie van Nicodemus*. Die tweede deel daarvan handel oor Christus se neerdaling na die doderyk. By sy koms in die doderyk wend Jesus Hom tot Adam en die ander en sê: ‘Kom hierheen met My, julle almal wat die dood deurgemaak het deur die boom wat hierdie man (Adam) aangeraak het. Want kyk, deur die boom van die kruis wek ek julle almal weer op’. Daarna, aldus hierdie valse geskrif, het Jesus Adam, die aartsvaders, profete, martelaars en voorvaders op hulle voorhoofde geseën met die teken van die kruis. Toe het Hy hulle almal snel uit die doderyk na bo geneem.³

Dat in die leer van *limbus patrum* die onderrig van die Ou Testament nie erken word nie en die pseudepigrawe oor die kanonieke Skrifte van die Ou Verbond heers, moet duidelik wees vir elkeen wat die Ou Testament ken. Immers, verskeie Psalms leer ons dat ook die gelowiges onder die Ou Verbond die wonder en vrug van skuldvergifnis ervaar het. Dawid sing daarvan in Psalm 32. Psalm 73:23 trek ‘n dik streep deur ‘n leer van ‘n *limbus patrum*, want die digter sê: ‘Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem’. Hier spreek ons hoogste Profeet en Leraar self – reeds onder die Ou Verbond.

Wat betref Rome se Maria-verering, sê Boettner⁴, ‘n groot kenner van die Roomse Kerk: Dit is nie moeilik om die oorsprong van hierdie dwaling na te spoor nie. Die vroeë christelike kerk het niks van ‘n Maria-kultus geweet nie. Die eerste spore daarvan vind ons in die *Oer-evangelie van Jakobus*. Daarin word verhaal van die wondergeboorte van Maria. Ook word gemeld van die feit dat sy haar lewe lank ‘n maagd gebly het.

Oorsake vir die ontstaan van die Nuwe Testamentiese valse geskrifte

Coetzee noem drie oorsake:

- As eerste rede vir die ontstaan van die pseudepigrawe kan genoem word die vul van sogenaamde leemtes in die Nuwe Testament.

Die bedoeling van die Bybelskrywers was nie om vir ons 'n volledige lewensverhaal van Jesus en sy dissipels te gee nie, maar 'net alles wat nodig is om te glo tot saligheid'. Daarom is groot dele van Jesus se lewe, veral uit sy kinderjare, voordat Hy dus met sy amptelike messiaanse dienswerk begin het, nie in die evangelies opgeteken nie. Daarteenoor wil baie van die Nuwe Testamentiese pseudepigrawe nou juis sulke gewaande 'leemtes' in die evangelies en Handelingte aanvul.

Die kindheidsverhale van Thomas kan as voorbeeld genoem word. Dit bevat naïewe, fantastiese wonderverhale van die 'Jesuskind' vanaf sy sesde jaar. In stryd met die evangelies voer hy 'n alleswetende, wonderdoenende, vervloek- en veroordelende bestaan.

So verrig 'Jesuskind' oordeelswonders teenoor almal wat Hom te na kom. Op 'n dag het die seun van Annas, die skrifgeleerde, dammetjies wat Jesus gemaak het, gebreek. Daarop het Jesus vir hom gesê: 'Slegte, goddelose en onnosele mens! Watter kwaad het die damme en waters aan jou gedoen? Kyk, nou sal jy ook opdroog soos 'n boom en jy sal g'n blare dra, of wortel of vrug nie!' Daarop het die seun onmiddellik verdor. 'n Ander keer het 'n seun aangehardloop gekom en Jesus teen die skouer gestamp. Jesus het Hom vererg en vir die seun gesê: 'Jy sal jou loop nie voltooi nie!' Op dié woord het die seun onmiddellik neergeval en gesterf.⁵

In die Nuwe Testament kry ons 'n totaal ander beeld van Jesus as in hierdie kindheidsverhale van Thomas. Toe die Samaritane Jesus nie wou ontvang nie, omdat Hy op reis was na Jerusalem, het Jakobus en Johannes vir Hom gesê: 'Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het?' Daarop het Jesus hulle

bestraf en gesê: 'Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red' (Lukas 9:51-56). Aan die kruis bid Jesus vir die wat Hom gekruisig het: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' (Lukas 23:34). Verder word van Jesus in 1 Petrus 2:23 gesê dat Hy, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel.

- 'n Tweede motief vir die skryf van die pseudepigrawe was om die verbeelding van die heidene aan te gryp.

Pogings om die christelike godsdiens vir die heidense denke aanloklik te maak, het sekere christelike sektes daartoe verlei om die verbeelding van die tipiese heidense godsdienstige denke aan te gryp deur die skepping van fantastiese wonderverhale veral rondom die persoon van die kind Jesus. Daar is inderdaad niks nuuts onder die son nie. Van die vroegste tye af was daar mense wat die evangelie vir die mens aanvaarbaar wou maak.

- Dertens was die pseudepigrawe 'n middel om sekere dwalings inslag te laat vind.

'n 'Evangelie' word gekoppel aan die naam van 'n apostel, om so gesag daaraan te verleen en die dwaling inslag te laat vind.

Veral twee dwalings kan hier genoem word: die docetisme en die gnostiek.

Die docetisme

Volgens die docetisme kon die Seun van God nie 'n egte menslike liggaam gehad het nie. Dit sou nie in ooreenstemming met sy goddelike waardigheid wees nie. Die konsekwensie van hierdie leer is egter dat die menswording, lyding en opstanding van Christus maar net skyn was.

Die *Handeling van Johannes* meld van Christus dat sy voetspore nie op aarde sigbaar was nie, dat Hyself nie eers op Golgota was toe sy liggaam daar gesterf het nie, maar terselfdertyd in die vorm van 'n ligkruis aan Johannes in 'n grot teen

die berg verskyn het. Bekend is ook die docetiese uitdrukking in die *Evangelie van Petrus*, dat Christus aan die kruis gehang het 'soos een wat geen pyn voel nie', en in sy sterwensuur uitroep: 'My krag, my krag, waarom het u My verlaat?'

Een van die belangrikste figure onder die apostoliese vaders was Ignatius van Antiochië. In minstens vyf van sy sewe briewe gaan hy in teen die docetisme. Daarin benadruk hy die ware mensheid van Christus en die werklikheid van die gebeure waarvan die evangelies in die Bybel getuig. In een brief skryf hy: 'Hy is uit die geslag van Dawid, uit Maria. Hy is waarlik gebore. Hy het geëet en gedrink. Hy is werklik vervolgd onder Pilatus. Hy is werklik gekruisig en het werklik gesterf, terwyl hemelse, aardse en ondaardse magte dit aanskou het. Hy het werklik opgestaan'. Ignatius voeg daarby: 'As Hy net in skyn gely het, soos sommige goddeloses – dit wil sê ongelowiges – sê, waarom is ek dan gevange, waarom verlang ek om vir die wilde diere gegooi te word? Dan sterf ek verniet. Ja, dan spreek ek leuens oor die Here'.

Dit is genoeg om in verband met die docetisme net op 1 Johannes 4:2 en 3 te wys: 'Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld'.

Die gnostisisme

Ook die dwaling van die gnostisisme kom veelvuldig in die Nuwe Testamentiese valse geskrifte na vore. In 1945 is daar by Nag Hammadi 'n groot aantal van hierdie gnostiese geskrifte ontdek. Daaronder tel *Die evangelie van Thomas* en *Die evangelie van Judas*.

In die bestek van 'n artikel soos hierdie is dit onmoontlik om diepgaande op die gnostisisme in te gaan. Op net een – vir ons aktuele – dwaling van hierdie sekte word nou verder ingegaan. Vir die gnostici gaan dit oor verlossing deur verligting en nie oor verlossing deur versoening, redding deur die kruis nie. Die weg

van kennis (*gnosis*: kennis) is die weg wat na die hoër lewe lei. Hierdie kennis was 'n geheime kennis of *gnosis*, waarin net sekere ingelei is.

Hierdie sogenaamde kennis – 'n kennis sonder die kruis en 'n kennis wat net sekere in die kerk beskore is – is teen die belofte van Jesus aan sy kerk dat Hy die ander Trooster, die Heilige Gees, sal stuur en dat hierdie Trooster hulle alles sal leer en hulle sal herinner aan alles wat Jesus vir sy dissipels gesê het (Johannes 14:26). Hierdie alles sluit vanselfsprekend in alles wat Jesus geleer het aangaande sy lyding en die noodsaak daarvan.

Die invloed van die pseudepigrawe vandag

Die Nuwe Hervorming is 'n goeie voorbeeld van 'n moderne stroming wat diepgaande deur die pseudepigrawe beïnvloed is en daarop steun. Die sogenaamde *Evangelie van Thomas* word onder andere baie deur hulle gebruik. Op hulle webblad gee die manne van die Nuwe Hervorming 'n vertaling van Robert Funk, voorsitter van die *Jesus Seminaar*, se 22 stellings.

Die Nuwe Hervorming se weergawe van Stelling 9 lui: 'Die leerstelling dat God sy seun laat doodmaak het om sy dors na geregtigheid te bevredig, is subrasioneel en nie eties nie. Hierdie gedagte is die stiefkind van 'n tydperk toe primitiewe mense aan gode geoffer het om hul goedgesindheid

te koop'. In Stelling 10 sê hulle: 'Die opstanding van Jesus het nie die herlewing van 'n lyk ingesluit nie'.

Tussen hakies lewer die Nuwe Hervorming die volgende kommentaar by Stelling 10 (en by 9 – AHB): 'Talle vroeë Christene het ook nie aanvaar dat Jesus liggaamlik opgestaan het nie en in talle vroeë evangelies, wat nie in die Bybel opgeneem is nie, kom die kruisdood en die opstanding nie ter sprake nie. Selfs in die Nuwe Testamentiese brief van Jakobus word geen woord oor Jesus en sy opstanding gerep nie'. Een van hierdie 'talle vroeë evangelies' is die *Evangelie van Thomas*, waarin inderdaad van kruis en opstanding geen sprake is nie. Daarom sê die Nuwe Hervorming ook: Die *Evangelie van Thomas* ondersteun glad nie 'n interpretasie van Jesus as God uit God nie, of van sy dood as soenoffer nie. Hierdie 'evangelie' leer volgens hulle dat as mense leef soos Jesus geleer en geleef het, die koninkryk van God hier op aarde voltrek word.⁶

Al die ou dwalings van die docetisme en die gnostiek herleef in die dwaling van die Nuwe Hervorming.

Die Gees oortuig ons deur die Woord dat hierdie geskrifte vals is

Hoe weet ons dat die 66 boeke van die Bybel kanoniek is en net hulle alleen? Is ons nie subjektief nie?

Daarop het ons net een antwoord: Dit is 'n saak van geloof; geloof wat die Heilige Gees in ons werk deur die 66 boeke self. Dit is dus nie ons eie ek of subjek wat ons oortuig en lei nie, maar die Heilige Gees. Wanneer ons hierdie valse geskrifte daarom aan die Skrif toets, is ons nie subjektief nie, maar wel Pneumatief – ons word deur die Gees (Pneuma) gelei.

Beskikbaar op die Internet

Daar is verskillende adresse op die Internet waar hierdie geskrifte beskikbaar is.

- Die Nag Hammadi tekste kan besigtig word by <http://www.gnosis.org/naghamm/nhl.html>
 - By <http://www.pseudepigrapha.com/> is daar heelwat oor die apokriewe en valse geskrifte.
1. Die stof vir hierdie artikel is grootliks ontleen aan die klasaantekeninge van wyle prof JC Coetzee: Die kanon van die Ou en Nuwe Testament. Wesvalia : Potchefstroom. 1981. p. 5-11.
 2. Müller, JC. 1974. Nuwe Testamentiese Apokriewe. Stellenbosch : NG Kerk-Uitgewers. p. xviii.
 3. Müller, JC. 1974. Nuwe Testamentiese Apokriewe. Stellenbosch : NG Kerk-Uitgewers. p. 48.
 4. Boettner, L. 1980. Roman Catholicism. Phillipsburg : The Presbyterian and Reformed Publishing Company. p. 135-136.
 5. Müller, JC. 1974. Nuwe Testamentiese Apokriewe. Stellenbosch : NG Kerk-Uitgewers. p. 14.
 6. Muller, P. 2002. Die Nuwe Hervorming. Protea Boekhuis : Pretoria. p. 145-146

Kerkerf

Ds HJ Momberg, Pretoria - Die Kandelaar

Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-1619 (1)

Agtergrond en aanloop tot die sinode

Regoor die wêreld is dit by gereformeerdes 'n uitgemaakte saak dat die gebeure, besluite

en produkte van die Sinode van Dordrecht 1618-19 sedertdien die kern van die gereformeerde karakter uitmaak. Dit sluit onder andere in:

- Die bestryding van die dwaalleer van die Remonstrante (ook Arminiane genoem).
- Die omhelsing van die Heidelbergse Kategismus, die

Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Dordtse Leerreëls as die belijdenis van die kerk.

- Die vasstelling van die liturgie vir die gereformeerde erediens.
- Die kerkorde wat gebruik moet word as Bybelgetroue administrasie van Christus se kerkregering.
- Die kantaantekeninge wat aangebring is by die brontekstgetroue vars vertaling van die Bybel, die bekende Statevertaling waarmee ons eerste voorouers in Suid-Afrika voet aan wal gesit het.

Elke groot reformasiebeweging wat sedertdien in Nederland (spesifiek die Afskeiding van 1838, die Doleansie en die Vrymaking van 1944) en in Suid-Afrika (spesifiek die Afskeiding in 1859 met die herstigting van die Gereformeerde Kerke) plaasgevind het, het met besondere nadruk teruggegryp na die produkte van die Sinode van Dordrecht 1618-19.

Die vraag kan dus met reg gevra word: Waarom Dordrecht? Na afloop is daar heelwat oor die belangrike sinode gepubliseer – positief en negatief. Wat ons vandag na so baie jare daarvan oorgehou het, is saamgevat in die Openlike Verklaring by kerklike vergaderings. Die besondere vrugte van die belijdenis, die kerkorde en die liturgie soos vasgestel by Dordrecht, word as grondslag vir besluitneming en kerklike korrespondensie omhels. Dan moet ons net eerlik wees in ons Openlike Verklaring. In die soeke na die agtergrond wat tot die Sinode van Dordrecht 1618-19 aanleiding gegee het, die gebeure by die sinode, asook die regstreekse gevolge van die sinode, ontdek 'n mens heelwat meer dinge waarvan baie ook relevant is vir vandag se kerkstryd.

Alles wat tot die oproep van die sinode van Dordrecht 1618-19 aanleiding gegee het, dui daarop dat dit 'n spesiale of buitengewone sinode was. Jare lank is daar geen sinodes gehou waarin die kerke hulle gesamentlike belange kon behartig nie. Ook was daar belangrike verwickelinge in die kerklike lewe en behoeftes wat onaangespreek gebly het. In die

besonder het daar 'n gevaarlike dwaalleer onder die gereformeerdes opgevat wat deur bekwame welsprekende akademici bevorder is. Dit het groot aansien by die regering geniet en het toenemend onder die kerkvolk gegroei. Veral hierdie opkomende dwaalleer het die roepstem vir 'n sinode al sterker laat opgaan.

Die hart van die saak

Gaandeweg het dit duidelik geword dat die kern van die konflik waarin die Nederlandse kerke gewikkel was nie maar net oor bykomstighede of oppervlakkighede gegaan het nie, maar oor die kwessie wat altyd by beslissende kruispunte aan die orde was. Oor dieselfde saak het Paulus teenoor die Joodse godsdiens gestaan en Augustinus teenoor Pelagius. Dieselfde saak het Luther opnuut ontdek en het Calvyn teenoor die Roomse godsdiens verdedig. Dit gaan oor die hart van die evangelie: hoe ons die leer van die Skrif verstaan oor die wyse waarop God ons uit genade in Christus salig maak en hoe ons christelike lewe hierbinne inpas. Skerper gestel: Kan die mens deur die ontwikkeling van sy vermoëns sy eie heil uitwerk of is die mens vir sy heil van die genadige God afhanklik wat dit vir ons in Christus berei het soos sy Woord ons leer? Nog nader: Hoe raak ons visie op die Woord ons geloof in God?

Die ontwikkeling van die saak

Calvyn, omring deur medestanders, het opnuut die belangrike leerstuk van die uitverkiesing ontdek, soos Augustinus dit teenoor Pelagius bely het. In sy uiteensetting daarvan het Calvyn sorgsaam gebly om aan te toon dat God sy uitverkiesingsplan in en deur die genadeverbond met mense administreer. Calvyn se navolgers het nie altyd daarin geslaag om hierdie leer in sy Bybelse balanse voort te dra nie. Sommiges het die uitverkiesingsleer so voorgestel dat dit eintlik 'n meganistiese karikatuur geword het, 'n *decretum horrible*, veral omdat hulle dit van die egte verbondsmatige administrasie in menselewens

losgemaak het. Hierdie voorstelling van die uitverkiesingsleer het aanleiding gegee dat sommige skrandere geleerdes 'n veldtog van kritiek teen Calvyn self begin loods het. Gevolglik is ook die belijdenisskrifte, wat mede uit Calvyn se onderrig ontstaan het, as ernstige benouensisse in die uitlewing van hulle geloof beskou. Ursinus en Olevianus betreffende die Heidelbergse Kategismus, asook Guido de Brès betreffende die Nederlandse Geloofsbelijdenis was nie net self lojale leerlinge van Calvyn nie, maar beide die belijdenisskrifte is ook opgestel vanuit bestaande werkstukke wat deur Calvyn se direkte insette ontstaan het, naamlik die Kategismus van Genève en die *Confessio Gallicana*.

Jammer dat dit so ontwikkel het, want die kritiek teen Calvyn en die belijdenisskrifte as sulks was ongegrond. Dit was maar 'n allergiese reaksie teen dié navolgers van Calvyn wat die uitverkiesing van die verbond losgemaak het.

Teen die begin van die 17e eeu was die universiteit van Genève so hoog in aansien by die Hervormde Kerke in Nederland, dat almal wat geleerdheid gesoek het daarheen gegaan het. Een van die gevolge daarvan was dat die denke van Calvyn oor die Goddelike besluite en die Goddelike genade meer algemeen geword het en in die kweekskole ingevoer is. Nogtans was daar geen openbare wet of belijdenis wat die leraars van die Hervormde Kerke verplig het om hulle begrip rakende die gereformeerde stellings te vorm soos dit in Genève gedoen is nie. Gevolglik het dit gebeur dat daar heelwat geleerdes was wat die 'duistere stukke' van die Geneefse universiteit verwerp of bevestig het.

In Nederland het daar hoofsaaklik twee denkstrome vanuit die Geneefse skool tot stand gekom. Sommige aanvaar die heilsdade van God met die sondeval as 'n Goddelike raadsbesluit van reeds voor die ontstaan van die skepping. Hulle is die supralapsariste genoem. Ander weer kon op grond van argumentasie oor die

barmhartigheid en die liefde van God hierdie standpunt nie aanvaar nie. Hulle het in die plek daarvan die inwerkingstelling van God se heilswaard vir die mens eers vanaf die sondeval aanvaar, en daarby dat dus alle mense 'n gelyke kans vir toegang tot die saligheid het. Hulle is die infralapsariste genoem.

Die droewige skeuring tussen hierdie twee denkstrome is verder verskerp toe Jacobus Arminius benoem is as hoogleraar by die universiteit van Leiden. Hy beweer dat God niemand deur 'n volstreekte en ewige besluit van die saligheid uitgesluit het nie. In vandag se terme: dit sou op diskriminasie aan God se kant neerkom. Vele geleerdes wat hoog in aansien was deur hulle geleerdheid en hulle ampte het met hierdie siening saamgestem. Hulle wou hê dat die belydenisskrifte op bepaalde punte herskryf moet word, en in elk geval dat predikante nie gedwing moes word om dit te onderteken as 'n ware en getroue nasegging van die Skrif nie. Hulle het die belydenisskrifte as gewetensdwang en inperking ervaar, besonder daarin dat God vooruit die saligheid van mense bepaal het en dat die mens nie deur eie vermoëns daartoe 'n bydrae kan maak nie.

Hierteen het sy kollega en ampsgenoot, Franciscus Gomarus, asook die vernaamste godgeleerdes van die Nederlandse universiteit heftig weerstand gebied. Die owerhede moes die strydende partye vermaan tot gematigheid en liefde en het geoordeel dat die wedersydse gevoelens ter wille van die godsdiens verdra kon word.

Daar het egter verskillende volksopskuddings en beroerings onder die burgers gekom. Arminius self sterf in 1609 op 49-jarige leeftyd en word deur Uytendogaert as leier van die Arminiane opgevolg. Verskillende vergaderings en konferensies is gehou, maar die stryd is deur allerlei administratiewe maatreëls en ingryping van die owerhede wat die Arminiane gunstig gestem was, verskerp. Telkens tydens en na so 'n vergadering is gepleit dat 'n sinode gehou moet word om die saak van die dwaalleer in die kerke uit te maak.

Die stryd by die universiteit van Leiden is verder aangeblaas deur die benoeming van die Socianis, Vorstius, na Arminius se dood (die Socianiste het die drie-eenheid verwerp). In die stryd rondom Vorstius se benoeming het prof Gomarus uit moedeloosheid bedank. Twee nuwe hoogleraars is aangestel: die regsinnige Polyander in Gomarus se plek, en Episkopius, 'n uitgesproke Arminiaan in die plek van Arminius.

Die plaaslike owerhede wat oor die algemeen die Arminiaanse siening gesteun het, het 'n veldtog begin deur regsinnige predikante op verskillende maniere te vervolg. Die gevolg was verskeie treurende (dolerende) gemeentes wat nie die kerkverband verlaat het nie, maar plaaslik alle bande met die remonstrante verbreek het. Terwyl die State-Generaal steeds hardnekkig weier om 'n nasionale sinode saam te roep, het hierdie groepe dolerendes besluit om vergaderings van korrespondensie te hou. In 1617 het hulle dan ook twee aktes opgestel:

- Die 'Acte van Separatie': Hierin verklaar die ondertekenaars dat hulle hul van die Remonstrante broeders en susters afsonder en nie weer met hulle in 'n kerklike gemeenskap sal verenig voordat daar 'n Nasionale Sinode sal plaasvind waar die leergeskillte met die Woord van God beoordeel sal word nie.
- Die 'Acte van Unie': Hierin word die eenheid van alle gereformeerdes beoog. Hulle verklaar plegtig dat hulle mekaar as gereformeerdes sal vashou en dat die een gemeente in die stryd niks sal doen sonder die advies van die ander nie. Hulle sal bly staan by die orde in die kerke volgens die belydenis. Hierdie akte is by die 'Vergadering van Korrespondensie' in Den Haag bekragtig.

Sonder om verder die felle vervolging, gesteun deur die State-Generaal onder leiding van Oldenbarnevelt teen die Remonstrante verder te beskryf, noem ons dat Prins Maurits uiteindelik ingegryp het. Oldenbarnevelt is gevange geneem, die huursoldate wat die

State-Generaal aangestel het is afgedank, die kerkgeboue is weer tot beskikking van die kontra-Remonstrante gestel en 'n Nasionale Sinode is gelas.

Wat die aanloop tot die hou van die spesiale sinode van Dordrecht betref was daar 'n bittere geloofstryd wat besig was om gewelddadig te raak. Die stryd het nie maar oor praktiese doen en late gegaan nie, maar oor die allereerste en diepste geloofsvraag: Is God waarlik God? As ons sy Openbaring in die Skrif aangaande die uitverkiesing verwerp, stel ons God afhanklik aan die redelike en welsprekende intelligente mens. 'n Gewysigde aankyk op die Woord van God wat ons geloof in God regstreeks raak!

Hierdie gebeure is vir ons 'n geweldige les

Sodra ons die leerstukke wat God in sy Woord aan ons openbaar aan die oordeel van die menslike verstand onderwerp om te bepaal of dit geldig is of nie, is ons besig om die integriteit en die gesag daarvan aan te tas – selfs al bring ons enige slim argumente van allerlei indrukwekkende aard aan om die Skrif nie te ontvang of te lees soos wat dit homself aanbied nie. Hierdie aantasting van Gods Woord is niks minder nie as om God self aan die oordeel van die mens onderworpe te maak. Dit raak ons geloof in God regstreeks.

In die afgelope uitgawes van *Waarheid en Dwaling* is reeds by verskeie kere aangetoon hoedat juis ons geloof in God deur 'n veranderde visie op die Skrif tans weer in die Gereformeerde Kerke in die branding is. Die skrifkritiese gees insake die betekenis en verstaan van die Ou Testament het na vore gekom in die uitsprake wat teoloë en adviseurs van die NG Kerk en die NH Kerk gemaak het. Dit is by verskeie geleenthede deur die benoemde hoof-omdigter van die 2001-omdigting van die Psalms in openbare geskrifte as verweer aangetoon waarom die Christusverkondiging van die Psalms weggedig is. Ongeag al die keurige en moeitevolle ywer van verskeie taalkundige wetenskaplikes in die omdigspan waarvoor waardering kan wees, kan ons by die eerste

en laaste toetssteen nie verby kom nie. Die 2001-omdigting is 'n mooi produk, maar steeds 'n produk van die teologiese standpunt dat Christus nie in die Ou Testament is nie. 'n Produk van die standpunt dat die Ou Testament nie met die lig van die Nuwe Testament gelees moet word nie. 'n Produk van die standpunt dat die ryke verbondstaal van die Bybel nie in die hart van die hedendaagse mens pas nie. Hierdie verskynsel is reeds in die beoordeling van verskeie individuele Psalms van die betrokke bundel uitgewys. Nou is die GKSA in 'n krisis gedompel, want die GKSA het hierdie omdigting vir gebruik in die kerke aanbeveel, en bly steeds kop in die sand steek oor die openlik-uitgespreekte dwaalleer van adviseurs wat hieraan meegewerk het.

Dieselfde geld vir die strydpunt rondom die vrou in die besondere ampte. Die Skrifgedeeltes wat met die inbedding van die totale Skrifopenbaring helder en duidelike uitsprake oor hierdie saak gee, word met allerlei argumente verklaar asof dit nie meer vandag geldig is nie. Ook hierdie veranderde visie op die Skrif is reeds in verskillende uitgawes van *Waarheid en Dwaling* aangetoon.

Ten opsigte van die strydpunt rondom die wyse van

nagmaalviering het die sinode ten laaste 'n helder skriftuurlike uitspraak in die verband gemaak. Daar is steeds baie kerke wat steurloos voortgaan om Christus te bedien asof ons op verskillende maniere aan Hom deel kan hê, en nie soos wat Hy oor hierdie saak regstreeks beveel het, met die gemeenskaplike drinkbeker nie.

In die voorspel tot die hou van die spesiale Sinode van Dordrecht het die God van sy Woord ten aansien van die leerstuk van die uitverkiesing onder die kerkvolk in gedrang gekom. God is tans by die GKSA in gedrang ten aansien van die ampsdiens, die kerklied en die sakrament van die nagmaal, en by ander kerkverbande ook ten aansien van seksuele verhoudinge en ander leerstukke van veral die Christologie. Hierdie sake is opmerklik ooreenstemmend met die kernsaak wat in die kerkstryd by Dordrecht 1618-19 in gedrang was: die vraag of ons as mense deur ons briljantheid self ons bestemming en lewe kan bepaal en of ons vir ons bestemming en lewe van God afhanklik is wat dit vir ons voorberei het sodat ons daarin kan wandel. Dit raak dus ons geloof in God en ons beskouing van onself regstreeks – toe, en nou ook weer.

As ons glo dat God waarlik God is, en dat die Bybel sy Woord is:

- Moet ons die Arminiane se siening (teen-)oor die uitverkiesing verwerp.
- Moet ons die siening dat Christus nie in die Ou Testament is nie, en alle dokumente wat uit hierdie siening tot stand kom, verwerp.
- Moet ons die siening dat God se skeppingsorde oor die plek en taak van die vrou slegs tydelik was en alle prosesse wat aan die vrou hoofskap oor die man gee, verwerp.
- Moet ons die siening dat dit vir Christus nie belangrik is hoe die teken en seël van sy bloed aan mense bedien word nie, en praktyke wat tot uitdrukking bring dat Hy, anders as wat Hy uitdruklik beveel het, op verskillende maniere volgens mense se smaak aan hulle meegedeel word, verwerp.
- Moet ons die siening wat ten gunste van vrye en homoseksuele verhoudinge is, verwerp.

Dié sienings bring ons geloof aan die waaragtigheid van God en die gesag/integriteit van sy Woord regstreeks en wesentlik in gedrang.

Rekenaar en Internet

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

Bibleworks 7

'n Tyd gelede is *Bibleworks 6* aan die lesers van *Waarheid en Dwaling* voorgestel. Dié program was – in een woord gesê – skitterend. Wat *Bibleworks 7* aan betref wil ek amper sê: Ek het nie woorde nie.

Om 'n resensie te skryf, is altyd moeilik, veral omdat 'n mens die aantal woorde moet beperk. Met so 'n ryk program soos hierdie is dit nog moeiliker.

'n Lessenaar waarop alles klaar gereed lê

Dominee, stel uself dit voor: U stap in u studeerkamer in om 'n preek oor

Psalm 2:12 te maak. U is boonop onder tydsdruk. Vroeër moes u eers al die Bybels, grammatikas en woordeboeke van die rak afhaal. Daarna moes u met moeite blaai na die regte plek in die Hebreeuse woordeboek en dit nogal terwyl u nie meer die Hebreeuse alfabet so goed ken nie. Na nog meer moeite kry u uiteindelik (dalk) Koehler se verwysing by die Hebreeuse woord 'skuil' van Psalm 2:12 tussen die talle ander Skrifverwysings.

Nou, met *Bibleworks*, het dit anders geword. Alles lê klaar uitgepak op u lessenaar (skerm). Boonop is die

boeke op presies die regte plek oop: by Psalm 2:12.

Dit is so eenvoudig. U gaan net na Psalm 2:12 en verskeie vertalings verskyn in die middelste van drie vensters voor u. As u vervolgens met u muispyl oor 'skuil' gaan, verskyn aan die regterkant van u lessenaar (skerm) die woord 'skuil' in byvoorbeeld Holladay se woordeboek. As u in die regterkantste venster op bronne-opsomming klik en u weer oor die woord 'skuil' gaan, verskyn in die regterkantste venster al u woordeboeke en grammatikas

presies oop by 'skuil' en boonop by die boeke se verwysing na Psalm 2:12. Met 'n paar klikke van die muisknop sien u aan die linkerkant van die skerm (lees: lessenaar) al die plekke in die Skrif waar die woord 'skuil' gebruik word.

Kragtigheid, eenvoud en spoed – dit was die doelwit van die programmeerders van *Bibleworks*. Daarin het hulle uitnemend geslaag. 'n Reeds buitengewoon goeie program is nog kragtiger en nog meer gebruikersvriendelik gemaak. Boonop het dit, ondanks vele nuwighede, weinig ingeboet aan spoed. Selfs op my vier jaar oue rekenaar werk hy soos blits.

Tydbesparing en noukeurigheid

Skrifverklaring en preekmaak bly 'n moeisame en tydsame proses van nadink oor die betekenis van verskillende woorde en Skrif-met-Skrif-vergelyking.

Weliswaar kan die rekenaar en *Bibleworks* u nie in alles help nie. Tog kan hierdie program u besonder goed help om tekste en woordbetekenisse vinniger na te slaan. Dit gee u meer tyd om oor die teks en u preek na te dink.

Bibleworks is ook van groot waarde wanneer dit kom by die deeglikheid en noukeurigheid waarmee u woorde, woordbetekenisse en tekste kan opsoek.

Een van die baie nuwighede in *Bibleworks 7* is dat dit nou ook die Afrikaanse 1953-vertaling het.

Voorbeelde trek

Die spreekwoord lui: Woorde wek, maar voorbeelde trek. Met een voorbeeld word die sluier net so bietjie vir u gelig. Dit behoort u nuuskierigheid tot meer te prikkel en dit sal u sekerlik aanmoedig om hierdie mooi program te koop.

Kom ons gebruik weer die voorbeeld van Psalm 2:12: 'Kus die Seun ... Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!'

Die woord 'Seun' word deur sommige teoloë tot 'n tekskritiese probleem gemaak, omdat nie die Hebreeuse woord vir Seun (*ben*)

gebruik word nie, maar wel die Aramese woord (*bar*). Dit is vir hierdie geleerdes 'n probleem dat daar 'n Aramese woord in 'n Hebreeuse Psalm gebruik word. Die feit van die saak is egter dat 'woel' in vers 1 en 'verpletter' in vers 9 ook Aramese leenwoorde is. Daar word dus meermale van Aramese woorde in Psalm 2 gebruik gemaak. Dit kan u gaan kontroleer in die standaard Hebreeuse woordeboek van Koehler (die nuwe, vyfdeelige uitgawe) wat u by die basispakket kan bykoop of u kan dit opkyk in Brown-Driver-Briggs, wat deel is van die basispakket. Terloops, die gewilde verkorting van Koehler, die werk van Holladay, is nou ook deel van die pakkie wat u kry.

Met die hulp van *Bibleworks* se soekmoontlikhede moet ons nou dieper op die woorde 'skuil by' ingaan.

As u in *Bibleworks* op die Hebreeuse woord vir 'skuil' dubbelklik, verskyn in die linkerkantste soekvenster nie net Psalm 2:12 nie, maar ook Psalm 5:12. In laasgenoemde word van die HERE gesê: 'Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil'. In Psalm 5:12 word dieselfde werkwoordvorm as in Psalm 2:12 gebruik. As u op die morfologies gemerkte teks van die Hebreeuse Bybel klik, kom Nahum 1:7 daarby: Die HERE ken die wat by Hom skuil. Dit is dieselfde 'ken' as in Psalm 1:6: Die HERE ken die weg van die regverdige.

Die een ontdekking lei tot die volgende. In Nahum 1:6 hoor ons net soos in Psalm 2 van die HERE se toorn: Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom (vergeelyk Openbaring 16:1,8 – vuur!). In Nahum 1:7,8 word gesê dat die HERE goed is vir die wat by Hom skuil, sy vyande egter vervolg Hy die duisternis in. Hulle ervaar sy toorn. Hulle weg sal vergaan (Psalm 1:6).

Deur net te vra na die wortel (*lemma*) van die Hebreeuse woord, kan u al die werkwoordvorme van 'skuil' en die verse waar dit staan, in die linkerkantste soekvenster kry. Allerlei ander inligting word in die balk onderaan die soekvenster

gegee soos byvoorbeeld dat die woord 42 maal in 41 verse voorkom.

En nog? ...

Nog is dit nie die einde van *Bibleworks* se moontlikhede nie. *Bibleworks 7* het 'n nuwe funksie by: die *Key Word in Context (KWIC) / Collation Table Module*. Dit wil u help om te sien in watter konteks 'n woord gebruik word. So help dit u om die betekenis van die woord beter te begryp. U kan daar die woord 'skuil' intik en die KWIC so verstel dat u kan sien watter woorde binne byvoorbeeld vyf woorde vóór en vyf ná 'skuil' gebruik word.

Woorde wat in direkte verband met 'skuil' gebruik word, sowel as die frekwensie van die woorde word deur die KWIC gegee. So byvoorbeeld word die woord 'by' (by Hom skuil) 25 maal gebruik, 'HERE' tien keer, 'Hom' nege maal. Drie maal word die woord skaduwee gebruik (Psalm 36:8: Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels) en drie keer skild en rots (Psalm 18:3: ... my God, my rots by wie ek skuil; my skild ...).

Die ondersoek bring ons tot die volgende belangrike bevinding: Ons word in die Skrif opgeroep om net by die Here te skuil. Nooit word beveel om by mense te skuil nie; nooit word die gelowiges opgeroep om by Dawid of by een van die ander konings van Juda of Israel te skuil nie. As die woord 'skuil' wel in verband met mense gebruik word, is dit steeds in afwysende en negatiewe sin (Jesaja 30:1-3).

Wanneer Psalm 2:12 daarom almal wat by die Seun skuil, welgeluksalig verklaar, kan ons net tot een konklusie kom: In Psalm 2:12 kan dit nie oor 'n gewone koning gaan nie, maar net oor die Seun van God. Psalm 2:12 is Messiaans.

Die Hebreeuse en die Griekse Ou Testament

'n Ander interessante en leersame funksie van *Bibleworks* is die moontlikheid om die Hebreeuse en die Griekse teks van die Ou Testament met mekaar te vergelyk. U kan presies sien met watter

Griekse woord 'n Hebreeuse woord vertaal is.

Dit het my tot die ontdekking gebring dat die Hebreeuse woord vir 'skuil' – ek het my tot die Psalms beperk – in die Grieks vier maal met 'vertrou op', 19 keer met 'hoop op' en een keer met 'skuil by' vertaal word.

As 'n mens na Psalm 118:8 gaan kyk, sien jy ook dat 'vertrou' en 'skuil' parallel gebruik word: 'Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou.'

Bibleworks se soekfunksies is veel en veel kragtiger as dié van gratis Bybelprogramme. Dit is ongelooflik wat hierdie program alles kan doen. Jy kan enkele woorde opsoek, maar ook verskillende kombinasies van woorde.

Bybelvertalings en die oorspronklike tekste kan langs en onder mekaar geplaas word en met mekaar vergelyk word.

Die groot waarde van *Bibleworks*

Die groot waarde van *Bibleworks* lê hierin dat dit help om die groot Skrifverklaringsbeginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking des te beter, noukeuriger en vinniger toe te pas.

Die KWIC-funksie, wat help om 'n woord binne sy verband te verklar, is iets heel besonders. Dit is vir goeie en selfstandige Skrifverklaring en Skrif-met-Skrif-vergelyking van die uiterste belang.

Die kragtigheid waarmee die Septuagint ook in die ondersoek betrek kan word, is nog een van die talle waardevolle moontlikhede.

Ek kan nog baie meer skryf, maar êrens moet ek – jammer genoeg – stop.

Die basispakket sluit 'n *Help* met talle video's in. U word stap vir stap geleer hoe om die program te bemeester.

Met so 'n *Help* hoef u nie 'n kursus te gaan bywoon om die program onder die knie te kry nie. U kan rustig in u studeerkamer op u rekenaar luister en kyk na die moontlikhede van die program.

'n Vergelyking met *Libronix*

Bibleworks is aansienlik goedkoper, makliker om te gebruik, vinniger en vereis nie so 'n kragtige rekenaar nie.

As u meer van die program wil weet, kan u na die webadres van *Bibleworks* gaan. Dit is <http://www.bibleworks.com/>

Die program is beskikbaar by *Augustine Bookroom* in Pretoria. Hulle e-posadres is augustinebookroom@telkomsa.net en telefoonnommer is 012 9934606.

Die basispakket sal ongeveer R2 500 kos.

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Leer om te voel

Ds Elsje Büchner van die NG gemeente Lux Mundi en lid van die NG Kerk se algemene sinodale moderatuur het die afgelope maande heelwat kommentaar op die doen en late van die GKSA gehad. In *Beeld* van 20 Februarie 2006 skryf sy:

Die debat oor die GKSA se besluit om nie vroue tot die amp van ouderling en predikant toe te laat nie, en selfs terug te krabbel oor vroue as diakens toe hy 'n beswaarskrif gehandhaaf het, het weke lank die briewekolomme aan die gons gehad. Ek het elke oggend heel eerste na die briewekolomme geblaai om te lees wat vandag gesê word aangesien die lot van vroue in die kerk my baie na aan die hart lê.

Aan die een kant het mans en vroue hul ontnugtering en opstandigheid duidelik uitgespreek in woorde soos "ek skaam my", "die tegniek laat 'n mens sidder",

"ek is 'n ontnugterde lidmaat" en "dit is 'n skande dat vroue in ons kerk so behandel word".

Aan die ander kant is hierdie reaksies veroordeel en die besluit goedgepraat. Jy mag nie reageer nie, "luister na die Here", "ek skaam my" (hierdie keer vir diegene wat reageer en nie vir die besluit nie), mense se reaksies is beskou as 'n "belediging van die sinode en mans" (dus, so lei ek af - jy mag nie hierdie heilige strukture bevraagteken nie) en wat is nou so erg daaraan, kyk watter konkrete stappe het die kerk gedoen oor kerkeenheid, die ekumene, getuienis en dalende lidmaatgetalle.

Die verrassendste reaksie en die een wat my die diepste geraak het, het egter een Sondagoggend vroeg my pad terloops gekruis. Een van die kommissielede is oor RSG se kerknuus aangehaal waarin hy gesê het "geen vrou behoort van die kerk vervreem te voel as gevolg van die

besluit nie ...". Ek kon nie glo wat ek hoor nie! Dit was al erg genoeg om te lees dat jy nie mag reageer nie, net moet luister, dit was verrassend om te lees dat ander konkrete stappe wat die kerk gedoen het, die besluit eintlik nie so erg maak nie, maar om te hoor dat iemand anders besluit hoe ek behoort te voel, was net een te veel!

Ek het begin nadink oor die rol en plek van gevoelens in die kerk. Individue of groepe se gevoelens word baie keer in kerklike besluite nie geag nie. Ons mag voel in die pastorale spreekkamer, ons mag hartseer wees op 'n begrafnis, bly wees op 'n troue, maar as ons besluite neem, neem die rasonale oor. Dan moet ons net bestudeer, lees, redeneer en dink.

Natuurlik moet ons die Woord bestudeer, daaroor dink en redeneer, maar dalk moet ons dit nie so koud en klinies probeer doen nie. Dalk

moet ons meer nadink en besin oor wat die implikasies van ons eie “subjektiewe hoor” van die Woord is. Dalk sal ons anders luister as ons onself toelaat om meer te voel terwyl ons dink en redeneer.

Dit gaan nie oor dink óf voel nie, maar oor dink én voel. Wanneer jy jou eie gevoelens oor ‘n saak erken en dit in ag neem, beïnvloed dit onmiddellik jou eie nadenke oor ‘n saak. As jy opgewonde oor iets voel, dan spoor dit jou dikwels aan om dieper te delf en dit gee jou energie om iets te gaan doen of die saak deur te voer. As jy ongemaklik oor ‘n saak voel, maak nie saak na watter kant toe nie, tree jy gewoonlik versigtiger op. Jy dink twee keer. As jy kwaad oor ‘n saak voel, sien jy net die argumente raak wat jou pas. As jy hartseer oor ‘n saak voel en dit jou seermaak, wonder jy dikwels oor die meriete van die saak.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr GJ Meijer
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Dr AH Bogaards
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Die Bybel is vol voorbeelde waar mense eerlik oor hul gevoelens was. Hoekom spreek die Psalms mense so aan? Omdat dit gevoelens van blydschap, hartseer, opstandigheid en vrese eerlik verwoord terwyl daar geredeneer word.

Dit vra van alle kerkvergaderings om meer holisties in die neem van besluite te wees en ten minste eerlik te wees oor die rol wat gevoelens in besluite speel.

NS. Ek het nog altyd gewonder hoekom gevoelens van woede (lidmate, kerkrade en dominees baklei soms baie oor en met mekaar!) sosiaal meer aanvaarbaar is? Wat sal gebeur as ons saam met mekaar begin huil oor die gebrokenheid in die kerk in plaas daarvan om daarvoor kwaad te word?

Ds Büchner tokkel op ‘n gevoelige snaar. Die gevoelige snaar wat sy aanraak, is waarskynlik meer dieperliggend as wat sommerso aan die oppervlak sigbaar is. Die kernvraag wat hier na vore kom is: hoe word die mens in sy totaliteit (denke, ingesteldheid, emosie, dryfvere, ensovoorts) deur die Woord aangespreek?

Dit is duidelik dat die bediening van die Woord in verskillende omstandighede en op verskillende plekke nie dieselfde vorm aanneem nie. Dit is een Woord, en een God wat spreek. Maar ‘n mens kan dit te wagte wees dat die Woord nie op presies dieselfde manier vanaf ‘n kansel verkondig word as wat dit tydens ‘n sinode-debat hanteer word of as wat dit in ‘n pastorale spreekkamer in ‘n spesifieke omstandigheid bedien word nie. Die gerigtheid en aanpak verskil immers van mekaar.

Terug by sinode en voel. ‘n Sinode word geroep om sake op sy agenda op die basis van die Skrif, belydenis en kerkorde te behandel en af te handel. Waar pas gevoel in? Na my mening is die basis op grond waarvan die sinode sy sake moet hanteer in geheel vol van gevoel en besonder gevoelvol. Hoe kan ‘n mens gevoelloos met die Skrif, belydenis en kerkorde omgaan? As sake op ‘n kerklike wyse hanteer word (vergelyk Artikel 30 Kerkorde) is dit tog onmoontlik dat dit

sonder enige gevoel behandel en afgehandel word.

Die gevaar is egter wanneer gevoel van denke losgemaak en selfs bo die denke verhef word. Kerklike vergaderinge word in die behandeling van hulle agendas nie gevra om hulle uit te spreek oor hoe hulle oor sake voel nie. Hulle moet op grond van die Skrif tot ‘n beoordeling van die saak kom en vaste en bindende besluite neem wat regsrag het. Dit is – soos reeds gesê – geen gevoellose uitsprake nie, maar Skriftuurlik-gevoelvol en daarom gesagvol.

‘n Laaste gedagte oor ds Büchner se opmerking ‘dalk moet ons meer nadink en besin oor wat die implikasies van ons eie “subjektiewe hoor” van die Woord is. Dalk sal ons anders luister as ons onself toelaat om meer te voel terwyl ons dink en redeneer’. Hier sit die knelpunt. Gevoel as sodanig is uiters subjektief. As die kerke gehoor moet gee aan ds Büchner se versugting, sal dit bykans onmoontlik wees om konsensus oor ‘n saak te bereik en ‘n besluit te neem. Want verskillende mense se subjektiewe hoor van die Skrif en gevoel oor die Skrif sal altyd uiteenlopend van aard wees. Feite is dat ons nie geroep word om subjektief, met meer gevoel te hoor nie. Die Vader vra van sy kinders om objektief-gehoorsaam, gevoelvol te luister. Tussen dié twee is daar ‘n onmeetlike verskil.